## 20 April Johannes 19:22-24

### *Naakte lyde*

Voor die oë van Jesus speel die verdeling van sy klere af. Terwyl Hy besig is om te sterwe moet Hy aan die voet van die kruis opmerk hoe sy laaste aardse besittings verdeel word. Hoe sou jy reageer het as mense jou laaste besittings op jou sterfbed begin uitdeel?

Dit gaan egter om meer hier as die blote toutrekkery oor 'n bondeltjie klere. Christus word hier deur God die Vader ontklee. Naak aan die kruis hang Hy tot bespotting van die wêreld. Dis wat sonde doen! Adam en Eva moes ook pynlik ontdek dat hulle ongehoorsaamheid hulle kaal laat (Gen. 3:10).

Juis in hierdie naakte staat van die mens se sonde moes Christus in ons plek kom staan. Christus moes hierdie skande van sonde-naaktheid op Hom voel brand.

As ons maar wil besef hoe erg ons sonde is. Dit het Christus niks minder as naakte lyde gekos om ons sonde-naaktheid voor God te bedek nie. Kyk tog hoe naak, walglik was jou sonde voor God. Is dit nie juis een van die sake wat in ons tyd soek geraak het nie: die mens se besef van sy sonde en naaktheid voor God nie? Ons leef in 'n tyd van menseregte en grootheidswaan van die magtige mens. Christus se naakte lyde - wat 'n aanklag teen die mens van ons tyd!

Sing: Skrifberyming 44:2 Ds. T.J. Potgieter (Bloemfontein-Noord)